

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Saak Nr. : 3284/2003

In die saak tussen:

LOUIS AUGUST CILLIERS N.O. Eerste Eiser
SUSANNA JOHANNA CILLIERS N.O. Tweede Eiser

en

TRUCK & GENERAL VERSEKERINGS- Verweerder
MAATSKAPPY BEPERK

CORAM: MALHERBE RP

AANGEHOOR OP: 2 AUGUSTUS 2005

GELEWER OP: 4 AUGUSTUS 2005

Eisers tree hierin op as trustees van die AL2 Vervoer Trust van Kimberley en spreek verweerder aan op grond van 'n skriftelike versekeringsooreenkoms met betrekking tot 'n voorhaker en 2 sleepwaens. Dit is die eisers se saak dat verweerder genoemde voertuie verseker het teen skade; dat die 2 sleepwaens beskadig is toe die voertuie op 13 November 2001 van die pad geloop en

omgeslaan het; dat die versekeringsooreenkoms van krag was en dat verweerder kontrakbreuk gepleeg het deur te weier om die skade te vergoed. In antwoord op eisers se bewering in paragraaf 7.1 van die besonderhede van vordering dat hulle al hulle verpligtinge in terme van die versekeringsooreenkoms nagekom het, pleit verweerder op 5 April 2004 soos volg:

“10. AD PARAGRAPH 7.1

Defendant denies the contents of this paragraph. In amplification of the aforesaid denial the Defendant pleads as follows:

10.1 In terms of Regulations to the Road Traffic Act, the permissible maximum vehicle mass of a vehicle shall not exceed 56000kg.

10.2 At the time of the alleged incident, the Plaintiffs' total vehicle mass amounted to 60040kg, accordingly in excess of the permissible maximum vehicle mass.

10.3 The Plaintiffs have accordingly breached the provisions of the agreement as set out hereinbefore and has forfeited all benefits thereunder.”

Die bepaling van die ooreenkoms wat eisers na bewering verbreek het, lui soos volg en word reeds in paragraaf 4 van die verweerskrif aangehaal:

- “b) Should the insured vehicle or any part thereof or any trailer attached thereto or forming part of a train of trailers drawn thereby or any part of any such trailer or trailers (all of which are hereto referred to as ‘the insured vehicle’) fail to comply with or meet in any respect the requirements for roadworthiness as set out in the Road Traffic Act of 1989 or any replacements statute, or of any provincial or local proclamation or statute which is applicable to the insured vehicle, then all benefit under this policy in respect of any claim made shall be forfeit whether or not the roadworthiness of the vehicle was a cause of or contributed towards the occurrence given (sic) rise to such claim.”

Die saak is op 27 Januarie 2005 ter rolle geplaas vir verhoor op 2, 3 en 5 Augustus 2005.

Op 21 Junie 2005 gee verweerder kennis van sy voorneme om sy

verweerskrif te wysig deur die volgende nuwe paragraaf 4.3A in te voeg tussen paragrawe 4.3 en 4.4:

“4.3A Alternatively to the above, the Defendant pleads that it was an implied, further alternatively tacit term of the agreement concluded between the parties that should the insured vehicle or any part thereof or any trailer attached thereto or forming part of a train of trailers drawn thereby or any part of such trailer or trailers all of which are hereby referred to as (‘the insured vehicle’) fail to comply with or meet in any respect the requirements for roadworthiness as set out in The Road Traffic Act of 1989 or any replacement statute, or of any provincial local proclamation or statute which is applicable to the insured vehicle, then all benefits under this policy in respect of any claim made shall be forfeit whether or not the roadworthiness of the vehicle was the cause of or contributed towards the occurrence giving rise to such claim.”

Eisers het nie binne die toegelate 10 dae beswaar gemaak teen die voorgenome wysiging nie en op 7 Julie 2005 liasseer verweerder die gewysigde bladsy van die verweerskrif. Op 15

Julie 2005 teken eisers eksepsie aan

“teen verweerder se verweerskrif soos gewysig op 7 Julie 2005. Die gronde vir die eksepsie is dat dit nie verweere teen eisers se vorderings openbaar nie en wel op die volgende gronde:

1.

1.1 In paragraaf 4.3A van die verweerskrif steun verweerder, waar ‘n geïmpliseerde of stilswyende term beweer word, onder andere op die bepaling van die Padverkeerswet 29 van 1989.

1.2 In paragraaf 10.1 van die verweerskrif steun eiser op die regulasies uitgevaardig ingevolge voormelde Padverkeerswet.

1.3 Die Padverkeerswet 29 van 1989 is herroep deur die Nasionale Padverkeerswet 93 van 1996, welke Wet in werking getree het op **1 Augustus 2000**.

1.4 Die regulasies van die Padverkeerswet 29 van 1989, soos gepubliseer in Goewerments= kennisgewing Nr. R910 op **26 April 1990** (soos gewysig), is ingevolge die bepaling van Art. 75 van die Nasionale Padverkeerswet 93 van 1996 deur die bepaling vervat in Regulasiekoerant Nr. 20963 van **17 Maart 2000** op laasgenoemde datum herroep.

1.5 Ten tye van die ontstaan van die skuldoorsaak waarop eisers se eis gebaseer is, te wete **13 November 2001**, was die Padverkeerswet 29 van 1989 en die regulasies daaronder uitgevaardig en waarop verweerder vir sy verweere steun, nie meer van krag nie.

2.

In terme van paragraaf 10.1 van die verweerskrif beweer verweerder dat die regulasies uitgevaardig in terme van

die Padverkeerswet 29 van 1989 bepaal dat die toelaatbare maksimum massa van 'n voertuig nie 56 000 kilogram oorskry nie. Geen sodanige bepaling is vervat in die regulasies waarop verweerder steun en wat in ieder geval reeds verval het nie.

3.

Die gronde uiteengesit in paragrafe 1 en 2 hierbo geld ook vir die bewerings vervat in paragraaf 4.2 van die Verweerskrif saamgelees met paragraaf 10.1 daarvan.

4.

4.1 In paragraaf 4.2 van die Verweerskrif steun die verweerder op 'n uitdruklike skriftelike term van die ooreenkoms van versekering aangegaan tussen die partye. Voormelde term is deur verweerder bewoord, beding en is in sy standaard ooreenkoms van versekering vervat.

4.2 In paragraaf 4.3A van die Verweerskrif steun verweerder op 'n stilswyende, *alternatiewelik* geïmpliseerde term van voormelde skriftelike ooreenkoms.

4.3 Die stilswyende, *alternatiewelik* geïmpliseerde terme waarop die verweerder steun is onhoudbaar met die uitdruklike bepalings waarna verwys word in paragraaf 4.2 van die verweerskrif en openbaar derhalwe geen skuldoorsaak nie.

5.

Op voormelde gronde openbaar die verweerder se verweerskrif nie regsgeldige verwere nie en smee eisers dat die verwere geskrap word en dat vonnis aan eiser verleen word soos uiteengesit in die bedes tot die Besondere van Vordering.”

Ook op 15 Julie 2005 antwoord eisers onder andere soos volg op verweerder se Reël 37(4) vraelys:

“2.

AD PARAGRAAF 2:

Eisers verwys na hulle Kennisgewings van Eksepsie wat hiermee saam geliasseer word en stel voor dat die partye ooreenkom wanneer sodanig eksepsie ter rolle geplaas behoort te word synde vir aanhoring by die aanvang van die verhoor op **2 Augustus 2005**, *alternatiewelik* dat die aksie van die rol verwyder word en dat die eksepsie, soos gebruikelik, ter rolle geplaas word, op ‘n dag soos bepaal deur die Griffier wat ingevolge die praktyk van hierdie Hof ‘n **Vrydag** sal wees.”

Op 21 Julie 2005 hou die partye ‘n Reël 37 samespreking en kom ooreen dat die Hof versoek sal word om die meriete en quantum van eisers se vordering te skei ingevolge Hofreël 33(4). Paragraaf

11 van die notule van hierdie samesprekings lui soos volg:

“11.

Die partye kom ooreen dat die Agbare Verhoorhof versoek sal word om die eksepsie deur die Eisers aangeteken teen die Verweerder se gewysigde Verweerskrif by die aanvang van die verhoor aan te hoor. Indien die eksepsie nie slaag nie sal die verhoor voortgesit word en indien die eksepsie slaag (of gedeeltelik slaag) sal die verweerder sy opsies daaromtrent oorweeg.”

Ek het die partye se argumente met betrekking tot die eksepsie aangehoor en het oorweeg om nog dieselfde dag uitspraak te lewer, of minstens my bevinding bekend te maak, maar het daarteen besluit en uitspraak voorbehou.

Die korrekte benadering tot eksepsies teen pleitstukke is gerieflik saamgevat deur van Van Heerden R in **SOUTH AFRICAN NATIONAL PARKS v RAS** 2002 (2) SA 537 (K). Die advokate het nie die vraag aangeraak of ‘n eksepsie die korrekte prosedure is waar beweer word dat die teenparty op herroepe wetgewing

steun nie en of 'n spesiale pleit afgelewer moes gewees het nie. Hulle het aanvaar dat die eksepsie prosedure korrek is en ek doen ook so.

Die kern van Mnr. van Rhyn se betoog namens die eisers is dat verweerder in sy verweerskrif steun op 'n herroepe Wet en herroepe regulasies ingevolge daardie Wet en dat die verweerskrif daarom nie 'n verweer openbaar nie. Sy betoog is dat verweerder duidelik steun op die herroepe "Road Traffic Act of 1989" indien paragrawe 4.2 en 4.3A van die verweerskrif saamgelees word en nie op enige moontlike "replacement statute" nie. Hy het met verwysing na die tersaaklike Staatskoerante aangetoon dat die Padverkeerswet (Wet Nr. 29 van 1989), asook die regulasies daarkragtens uitgevaardig, inderdaad herroep is. Namens verweerder gee Mnr. Den Hartog geredelik toe dat aanvaar moet word dat die verweerskrif na die genoemde 1989 Wet verwys. Hy voer egter aan dat die foutiewe verwysing na die herroepe Wet nie tot gevolg het dat die verweerskrif nie 'n verweer openbaar nie maar dat dit hoogstens gesê kan word dat die verweerskrif vaag en verwarrend is. In so geval moes eisers aan verweerder

geleentheid gegee het om die vaagheid of verwarring te verwyder ingevolge die eerste voorbehoud tot Hofreël 23(1), aldus die betoog.

Ek meen dat Mnr. Den Hartog gelyk gegee moet word: Paragraaf 4 van die verweerskrif kan nie in isolasie geles word nie. Die verweerskrif moet as geheel geles en beoordeel word. Paragraaf 10 daarvan wat hierbo aangehaal is, maak dit duidelik dat verweerder se saak in effek is dat die betrokke voertuig ten tyde van die voorval swaarder geweeg het as die maksimum toelaatbare gewig en daarom

“failed to comply with or meet in any respect the requirements for roadworthiness”

en dat eisers gevolglik hulle aanspraak op skadevergoeding verbeur het. Dat dit verweerder se eintlike verweer is, word onderstreep deur paragraaf 3.4 van die versoek om nadere besonderhede vir verhoordoeleindes wat weereens verwys na die verpligting op die eisers om die voertuig in ‘n “roadworthy condition” te hou.

Die verweerskrif is op 5 April 2004 afgelewer. Ek stem saam met Mnr. Den Hartog dat die eksepsie sogenaamd teen die gewysigde verweerskrif geneem is vir soverre dit paragrawe 1, 2 en 3 van die eksepsie betref, maar dat die gewraakte bewerings reeds volledig in die oorspronklike verweerskrif van 5 April 2004 vervat is. Die eksepsie is derhalwe hopeloos laat vir soverre dit die genoemde paragrawe 1, 2 en 3 daarvan betref.

Ek stem ook saam met Mnr. Den Hartog dat die verwysing in die verweerskrif na 'n herroepe Wet en regulasies, slegs tot gevolg het dat dit vaag en verwarrend is en nie dat dit geen verweer openbaar nie. Toe die oorspronklike verweerskrif afgelewer is, moes eisers se regsverteenwoordigers besef het dat verweerder se verweer verband hou met die oorskryding van voorgeskrewe maksimum gewig en dat daar waarskynlik sulke voorskrifte vervat is in regulasies ingevolge Padvervoerwetgewing. Indien hulle hulle huiswerk gedoen het, sou hulle afgekom het op Staatskoerant 20963 gedateer 17 Maart 2000 waarin die tans geldende regulasies ingevolge artikel 75 van die huidige Nasionale

Padverkeerswet (Wet Nr. 93 van 1996) vervat is. Regulasie 236 verbied die gebruik van 'n goederevoertuig (soos hier ter sprake luidens die definisie daarvan) waarvan die maksimum voertuigmassa 56 000 kilogram oorskry, d.w.s die massa waarna in paragraaf 10.1 van die verweerskrif verwys word. Die genoemde regsverteenvoerders behoort dadelik te besef het dat verweerder eintlik steun op die "replacement statute" en nie op die 1989 Wet nie. 'n Kennisgewing ingevolge Hofreël 23(1) aan verweerder dat die verwysing na die 1989 Wet verwarrend is, sou in alle waarskynlikheid gelei het tot 'n geringe regstellende wysiging met byna geen koste-implikasies nie. Desnieteenstaande het eisers die volle eksepsie prosedure gekies en ooreengekom dat die eerste verhoordag daarvoor gebruik sou word. Hierdie werkswyse het noodwendig koste-implikasies.

Mnr. Den Hartog het ook tereg beklemtoon dat die eksepsie op 15 Julie 2005, d.w.s. 11 dae voor die verhoordatum, eers afgelewer is en dat verweerder op dieselfde datum uitgenooi word om met die eisers ooreen te kom wanneer die eksepsie aangehoor moet word. Die ooreenkoms dat die eksepsie op die eerste verhoordag

aangehoor moet word, volg op 21 Julie 2005, d.w.s 7 dae voor die verhoor. In die omstandighede meen ek dat Mnr. van Rhyn nie korrek is in sy betoog dat verweerder 'n "duur" dag, nl. die eerste verhoordag, gekies het om die eksepsie te argumenteer en daarom met 'n kostebevel gepenaliseer moet word nie. Die korrekte posisie is dat die partye ooreengekom het om die eerste verhoordag vir daardie doel te gebruik. Indien die keuse verkeerd was, is albei partye daarvoor te blameer. In die lig van die verhoor wat op hande was, kon verweerder redelikerwyse geglo het dat die eksepsie moontlik op die eerste verhoordag afgewys kon word en dat die ander verhoordae nie verlore sou gaan nie.

My gevolgtrekking is dat die eksepsie soos vervat in paragrawe 1, 2 en 3 van die Kennisgewing van Eksepsie nie kan slaag nie en afgewys moet word.

Paragraaf 4 van die Kennisgewing van Eksepsie verkwalik verweerder dat hy in die alternatief steun op 'n geïmpliseerde, alternatiewelik stilswyende, term van die versekeringsooreenkoms wat presies dieselfde is as 'n uitdruklike term van daardie ooreenkoms. (Sien die ingevoegde paragraaf 4.3A van die verweerskrif.) Volgens Mnr. Den Hartog se mededeling by die

aanvang van sy betoog het hy reeds op 1 Augustus 2005 teenoor Mnr. van Rhyn onderneem dat hy op 2 Augustus 2005 gaan vra dat die genoemde paragraaf 4.3A uit die verweerskrif geskrap word. Dit het hy dan ook gedoen toe hy aan die woord kom. Dit was derhalwe nie vir Mnr. van Rhyn nodig om met daardie deel van die eksepsie te handel nie en het hy ook nie veel tyd daaraan bestee nie. Die gevolg is dat die verhoor op 2 Augustus 2005 sou kon begin het indien die eisers nie die onsuksesvolle eksepsie uiteengesit in paragrawe 1, 2 en 3 van die Kennisgewing van Eksepsie geargumenteer het nie. In die proses is waardevolle verhoortyd verspil in die argumentering van die eksepsie en die voorbehoud van my uitspraak. Dit is jammer.

Daar is geen rede waarom die suksesvolle party sy koste ontnem moet word nie.

Gevollik word eisers se eksepsie teen die verweerskrif afgewys met koste.

J.P. MALHERBE, RP

Namens die eisers:

Adv. A.J.R. van Rhyn SC
In opdrag van:
Honey Prokureurs

BLOEMFONTEIN

Namens die verweerder: Adv. A.P. Den Hartog
In opdrag van:
Lovius Block
BLOEMFONTEIN

/sp